*(b)* hire, purchase or otherwise acquire any movable and immovable property **[and]** or proprietary right, and rent or dispose of property so acquired, **[but may not acquire or dispose of immovable property without the prior approval of the Minister, granted with the agreement of the Minister of Finance]** subject to the provisions of the Public Finance Management Act;

*(c)* collaborate with any other body or institution or establish and control facilities for the collection and dissemination of scientific and technical information, in connection with any matter regarding **[nuclear energy falling within the objects of the Regulator]** radiation safety and related security as contemplated in section 2 of this Act;

*(d)* collaborate with any educational, scientific or other body **[, a government]** or institution in connection with the provision of instruction for, or the training of, persons required by the Regulator;

*(e)* provide, on such conditions as the Regulator **[thinks]** deems fit, financial or other assistance in connection with the training of persons in so far as in the board's opinion it is necessary to ensure that a sufficient number of trained persons are available to enable the Regulator to perform its functions;";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(g)*, *(h)*, *(i)* and *(j)* of the following paragraphs:

"*(g)* advise the Minister on matters associated with any **[action]** facility, activity or condition which—

(i) is capable of causing nuclear damage;

(ii) the Minister refers to the Regulator; or

(iii) the Regulator **[thinks]** deems necessary to advise the Minister on;

*(h)* **[for purposes of this Act,]** act as the national competent authority in connection with the International Atomic Energy Agency's Regulations for the Safe Transport of Radioactive Material;

*(i)* conclude contracts, enter into agreements or perform any act **[, whether in the Republic or elsewhere,]** whereby its objects are carried into effect or which is calculated, directly or indirectly, to enhance the value of the services which the Regulator renders towards the achievement of its objects or which may be prescribed;

*(j)* produce and submit to the Minister an annual public report on the health and safety related to workers, the public and the environment associated with all sites including, but not limited to, the prescribed contents **[.]** and the reporting requirements in terms of the Public Finance Management Act;";

*(c)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(j)* of the following paragraphs:

"*(k)* issue directives, notices, guidance and position papers necessary for the implementation of this Act;

**Wysiging van artikel 6 van Wet 47 van 1999**

**5.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* toe te sien dat die **[kerngevaar]** kern- of stralingsgevaar effektief gemonitor en beheer word;”.

**Wysiging van artikel 7 van Wet 47 van 1999**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragrawe *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)* en *(e)* deur die volgende paragrawe te vervang:

“*(a)* **[kernmagtigings]** magtigings toestaan **[of]**, wysig, weier, opskort of intrek, behoudens die bepalings van hierdie Wet;

*(b)* enige roerende en onroerende eiendom **[en]** of vermoënsreg huur, koop of andersins verkry en eiendom aldus verkry, verhuur of daaroor beskik, **[maar onroerende eiendom mag nie sonder die voorafgaande magtiging van die Minister, verleen met die instemming van die Minister van Finansies, verkry of oor beskik word nie]** behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;

*(c)* met enige ander liggaam of instelling saamwerk of beheermaatreëls vir die insameling en verspreiding van wetenskaplike en tegniese inligting ten opsigte van enige aangeleentheid rakende **[kernenergie wat binne die bestek van die oogmerke van die Reguleerder val]** stralingsveiligheid en verwante sekuriteit soos beoog in artikel 2 van hierdie Wet, instel;

*(d)* met enige opvoedkundige, wetenskaplike of ander liggaam**[, ’n regering]** of instelling saamwerk ten opsigte van die voorsiening van onderrig aan of die opleiding van persone deur die Reguleerder benodig;

*(e)* finansiële of ander bystand op die voorwaardes wat die Reguleerder goedvind verleen ten opsigte van die opleiding van persone wat na die mening van die raad nodig is om te verseker dat ’n voldoende aantal opgeleide persone beskikbaar is om die Reguleerder in staat te stel om sy werksaamhede uit te oefen;”;

*(b)* deur in subartikel (1) paragrawe *(g)*, *(h)*, *(i)* en *(j)* deur die volgende paragrawe te vervang:

“*(g)* die Minister adviseer oor aangeleenthede wat verband hou met enige **[handeling]** fasiliteit, aktiwiteit of toestand wat—

(i) kernskade kan veroorsaak;

(ii) die Minister na die Reguleerder verwys; of

(iii) die Reguleerder meen nodig is om die Minister oor te adviseer;

*(h)* **[vir doeleindes van hierdie Wet,]** as die nasionale bevoegde owerheidsliggaam in verband met die Regulasies vir die Veilige Vervoer van Radioaktiewe Materiaal van die Internasionale Atoomenergie-agentskap optree;

*(i)* kontrakte sluit, ooreenkomste aangaan of enige handeling verrig**[, hetsy in die Republiek of elders,]** waardeur uitvoering aan sy oogmerke gegee word of wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks die waarde van die dienste wat die Reguleerder ter bereiking van sy oogmerke lewer, te verhoog of wat voorgeskryf word;

*(j)* ’n jaarlikse openbare verslag oor die gesondheid en veiligheid van werkers, die publiek en die omgewing verbonde aan alle terreine insluitende, maar nie beperk tot, die voorgeskrewe inhoud opstel en aan die Minister voorlê**[.]** en die verslagdoeningsvereistes ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;”;

*(c)* deur in subartikel (1) na paragraaf *(j)* die volgende paragrawe in te voeg:

“*(k)* riglyne, kennisgewings, leidings- en situasieskrifte uitreik wat vir die inwerkingstelling van hierdie Wet nodig is;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(l)* inspect, monitor, assess the activities of applicants for authorisations and authorisation holders for the purpose of verifying compliance with the provisions of this Act, applicable to regulations and the conditions of authorisations;

*(m)* implement enforcement measures in the event of non-compliance or violation of the provisions of this Act, applicable regulations and the conditions of authorisations;

*(n)* recommend regulations prescribing safety and related security standards as well as regulatory practices as contemplated in section 2(1) of this Act;

*(o)* establish and maintain a national register of persons authorised to carry out activities under this Act;

*(p)* establish and maintain a national dose register;

*(q)* establish and maintain a national register of radiation sources;

*(r)* conduct relevant research, establish and maintain nuclear safety and security research programmes for regulatory development to provide the Regulator with scientific, technical and other advice and information, as contemplated in section 2(1) of this Act; and

*(s)* make such arrangements as the Regulator may consider appropriate for relevant social, economic and environmental information to be collected from a holder of an authorisation and make such information available to the Department for the purpose of undertaking impact assessment for the implementation of the Act.'';

*(d)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The Minister must table in Parliament the annual public report submitted to him or her in terms of subsection (1)*(j)* **[within 14 days after it is so submitted if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within 14 days after the commencement of its next ordinary session]**.''; and

*(e)* by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 8 of Act 47 of 1999**

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Regulator is governed and controlled, in accordance with this Act, by a **[Board of Directors]** board.'';

*(b)* by the substitution in subsection (4)*(a)* for subparagraphs (iv), (v) and (vi) of the following subparagraphs:

''(iv) an official from the **[Department of Minerals]** department responsible for Mineral Resources and Energy;

(v) an official from the **[Department of Environmental Affairs and Tourism]** department responsible for the Environment; and

(vi) not more than seven other directors; **[and]**'';

*(c)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* the chief executive officer **[.]**; and'';

*(d)* by the insertion in subsection (4) after paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(c)* the chief financial officer.'';

*(e)* by the substitution in subsection (7) for paragraphs *(b)*, *(c)* and *(d)* of the following paragraphs:

''*(b)* a relevant portfolio committee of the National Assembly must compile a short-list of not more than 20 candidates from persons nominated;

*(c)* in addition to persons contemplated in subsection 4*(a)*(iv) and (v), the Minister must, from the short-list so compiled **[and from other persons nominated as contemplated in paragraph *(a)*]**, appoint persons to the relevant positions on the board; and

*(l)* aansoekers om magtigings en magtigingshouers se aktiwiteite inspekteer, monitor en assesseer, met die doel om nakoming van die bepalings van hierdie Wet, van toepassing op regulasies en die voorwaardes van magtigings, te verifieer;

*(m)* afdwingingsmaatreëls instel in die geval van nie-nakoming of oortreding van die bepalings van hierdie Wet, toepaslike regulasies en die voorwaardes van magtigings;

*(n)* regulasies aanbeveel wat veiligheid en verwante sekuriteitstandaarde voorskryf, asook regulatoriese praktyke soos beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet;

*(o)* ’n nasionale register instel en in stand hou van persone wat gemagtig is om aktiwiteite kragtens hierdie Wet uit te voer;

*(p)* ’n nasionale dosisregister instel en in stand hou;

*(q)* ’n nasionale register van stralingsbronne instel en in stand hou;

*(r)* relevante navorsing doen, kernveiligheid en sekuriteitnavorsingsprogramme vir regulatoriese ontwikkeling instel en in stand hou om die Reguleerder van wetenskaplike, tegniese en ander advies en inligting te voorsien, soos beoog in artikel 2(1) van hierdie Wet; en

*(s)* sodanige reëlings tref as wat die Reguleerder gepas ag vir die insameling van tersaaklike sosiale, ekonomiese en omgewingsinligting vanaf ’n houer van ’n magtiging en die beskikbaarstelling van sodanige inligting aan die Departement met die doel om impakbeoordeling vir die inwerkingstelling van die Wet te onderneem.’’;

*(d)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(2) Die Minister moet die jaarlikse openbare verslag aan hom of haar voorgelê ingevolge subartikel (1)*(j)* in die Parlement ter tafel lê**[, binne 14 dae nadat dit voorgelê is indien die Parlement dan in sitting is, of indien die Parlement nie in sitting is nie, binne 14 dae na die aanvang van die volgende gewone sessie]**.’’; en

*(e)* deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 47 van 1999**

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(1) Die Reguleerder word in ooreenstemming met hierdie Wet deur ’n **[Raad van Direkteure]** raad beheer en bestuur.’’;

*(b)* deur in subartikel (4)*(a)* subparagrawe (iv), (v) en (vi) deur die volgende subparagrawe te vervang:

‘‘(iv) ’n beampte van die **[Departement van Minerale]** departement verantwoordelik vir Minerale Hulpbronne en Energie;

(v) ’n beampte van die **[Departement van Omgewingsake en Toerisme]** departement verantwoordelik vir die Omgewing; en

(vi) hoogstens sewe ander direkteure; **[en]**’’;

*(c)* deur in subartikel (4) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(b)* die hoof- uitvoerende beampte**[.]**; en’’;

*(d)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* in subartikel (4) in te voeg:

‘‘*(c)* die hoof- finansiële beampte.’’;

*(e)* deur in subartikel (7) paragrawe *(b)*, *(c)* en *(d)* deur die volgende paragrawe te vervang:

‘‘*(b)* ’n tersaaklike portefeuljekomitee van die Nasionale Vergadering moet ’n kortlys van hoogstens 20 kandidate vanuit die benoemde persone saamstel;

*(c)* benewens die persone beoog in subartikel 4*(a)*(iv) en (v), moet die Minister vanuit die kortlys aldus opgestel **[en vanuit ander genomineerde persone in paragraaf *(a)* bedoel]**, persone op die Raad aanstel; en

*(d)* the Minister **[may,]** must for a director appointed in terms of subsection 4*(a)*(i) to (v), appoint a suitably qualified alternate director to act in the place of that director during his or her absence.'';

*(f)* by the substitution in subsection (8) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

''*(e)* is **[a holder of a nuclear]** an authorisation holder or an employee of such holder.'';

*(g)* by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

''(12)*(a)* The chairperson of the board holds office for a period specified in the letter of appointment but not exceeding **[three]** five years and may be re-appointed upon expiry of that term of office.

*(b)* A director referred to in subsection (4)*(a)* holds office for a period specified in the letter of appointment but not exceeding **[three]** five years and may be re-appointed upon expiry of that term of office.'';

*(h)* by the deletion of subsection (13)*(b)*;

*(i)* by the deletion of subsection (14); and

*(j)* by the insertion after subsection 14 of the following subsections:

''(15) The Board is the accounting authority of the Regulator.

(16) The members of the board must, when viewed collectively—

*(a)* be persons who are suited to serve on the board by virtue of their qualifications, expertise and experience in the fields of nuclear science, technology and engineering, finance, risk, corporate governance, law and strategic leadership;

*(b)* be persons who are committed to fairness and accountability on the part of those holding public office; and

*(c)* be persons who are committed to the objects and principles as enunciated in the Charter and Code of Conduct of the Regulator.''.

**Amendment of section 9 of Act 47 of 1999**

**8.** Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the heading of the following heading:

''**Vacation of office [of board members] by director**''.

**Amendment of section 12 of Act 47 of 1999**

**9.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* appoint as members of any such committee such persons, including directors of the board, staff of the Regulator, **[the holders of nuclear authorisations]** authorisation holders and employees of such holders, as the board considers appropriate.''.

**Amendment of section 14 of Act 47 of 1999**

**10.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Subject to subsections (2), (3), (4) and (5), the board may, by resolution, delegate any power, and assign any duty, conferred or imposed on it by the operation of section 8(1) or (2) or conferred or imposed on it elsewhere by this Act, to its chairperson, **[or a]** committee of the board, director of the board or chief executive officer.''.

**Amendment of section 15 of Act 47 of 1999**

**11.** Section 15 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (1) of the following subsection:

''(1) The Minister must, **[after consultation with]** on recommendation of the board, from a list of not less than three persons so nominated, appoint a person with suitable qualifications as chief executive officer of the Regulator.'';

*(b)* by the substitution for subsections (3) and (4) of the following subsections:

(d) **[kan]** moet die Minister, vir 'n direkteur aangestel ingevolge subartikel 4*(a)*(i) tot (v), 'n toepaslik gekwalifiseerde alternatiewe direkteur aanstel om in die plek van daardie direkteur in sy of haar afwesigheid waar te neem.'';

*(f)* deur in subartikel (8) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(e)* **[die houer is van]** 'n **[kernmagtiging]** magtigingshouer of 'n werknemer van sodanige houer is.'';

*(g)* deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

''(12)*(a)* Die voorsitter van die raad beklee die amp vir 'n tydperk in die aanstellingsbrief vermeld, maar hoogstens vir **[drie]** vyf jaar en mag weer aangestel word by verstryking van daardie ampstermyn.

*(b)* 'n Direkteur in subartikel (4)*(a)* vermeld, beklee die amp vir 'n tydperk in die aanstellingsbrief vermeld, maar hoogstens **[drie]** vyf jaar en mag weer aangestel word by verstryking van daardie ampstermyn.'';

*(h)* deur subartikel (13)*(b)* te skrap;

*(i)* deur subartikel (14) te skrap; en

*(j)* deur die volgende subartikels na subartikel 14 in te voeg:

''(15) Die Raad is die rekenpligtige gesag van die Reguleerder.

(16) Die lede van die raad moet, wanneer gesamentlik beskou—

*(a)* persone wees wat geskik is om op die raad te dien uit hoofde van hul kwalifikasies, kundigheid en ervaring in die velde van kernwetenskap, tegnologie en ingenieurswese, finansies, risiko, korporatiewe beheer, regte en strategiese leierskap;

*(b)* persone wees wat verbind is tot billikheid en aanspreeklikheid aan die kant van diegene wat openbare ampte beklee; en

*(c)* persone wees wat toegewyd is tot die oogmerke en beginsels soos in die Handves en Gedragskode van die Reguleerder uitgedruk.''.

**Wysiging van artikel 9 van Wet 47 van 1999**

**8.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Ampsontruiming deur [raadslede] direkteur**''.

**Wysiging van artikel 12 van Wet 47 van 1999**

**9.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* persone as lede van sodanige komitees aanstel, insluitende direkteure van die raad, personeel van die Reguleerder, **[die houers van kernmagtigings]** magtigingshouers en werknemers van sodanige houers, soos wat die raad toepaslik vind.''.

**Wysiging van artikel 14 van Wet 47 van 1999**

**10.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Behoudens subartikels (2), (3), (4) en (5) kan die raad, by wyse van 'n besluit, enige bevoegdheid delegeer en enige werksaamheid opdra aan sy voorsitter **[of 'n]**, raadskomitee, direkteur van die raad of hoof- uitvoerende beampte, wat by werking van artikel 8(1) of (2) aan hom verleen of opgedra is, of aan hom andersins by hierdie Wet verleen of opgedra is.''.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 47 van 1999**

**11.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die Minister moet **[na oorlegpleging met]** op aanbeveling van die raad, vanaf 'n lys van hoogstens drie aldus benoemde persone, 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon as hoof- uitvoerende beampte van die Reguleerder aanstel.'';

*(b)* deur subartikels (3) en (4) deur die volgende subartikels te vervang:

"(3) A chief executive officer holds office for a period not exceeding **[three]** five years as specified in the letter of appointment and may be re-appointed upon expiry of that term of office.

(4) The Minister may, after consultation with the board and at any time **[discharge]** remove the chief executive officer from office—";

*(c)* by the deletion of subsection (5);

*(d)* by the deletion of subsection (6)*(c)*;

*(e)* by the substitution in subsection (6) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* complete a report on the activities of the Regulator for each financial year in accordance with the **[Reporting by Public Entities Act, 1992 (Act No. 93 of 1992),]** Public Finance Management Act and submit the report to the board for approval;";

*(f)* by substitution in subsection (9) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* this Act, the **[Reporting by Public Entities Act, 1992,]** Public Finance Management Act, or any other law;";

*(g)* by the substitution in subsection (10) for the following subsection:

"(10) If the chief executive officer is for any reason unable to perform any of his or her functions, the chairperson of the board must appoint **[an employee]** a staff member of the Regulator to act as chief executive officer until the chief executive officer is able to resume those functions."; and

*(h)* by the deletion of subsection (11).

**Amendment of section 16 of Act 47 of 1999**

**12.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (3), (4) and (6).

**Amendment of section 17 of Act 47 of 1999**

**13.** Section 17 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* fees paid to the Regulator in terms of section 28**[;]** and fines levied in terms of section 52;"; and

*(b)* by the deletion of subsection (7).

**Substitution of section 18 of Act 47 of 1999**

**14.** The following section is hereby substituted for section 18 of the principal Act:

"**18.** The Regulator's financial year is in accordance with the Public Finance Management Act".

**Amendment of heading of Chapter 3 of Act 47 of 1999**

**15.** The following heading is hereby substituted for the heading of Chapter 3 of the Principal Act:

"**AUTHORISATIONS**".

**Amendment of section 20 of Act 47 of 1999**

**16.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Restrictions on certain [actions] activities**";

*(b)* by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections:

"(1) No person may site, construct, operate, decontaminate or decommission a nuclear facility, except under the authority of a nuclear licence.

(2) No person may perform any pre-construction activities without prior written permission of the Regulator.

"(3) 'n Hoof- uitvoerende beampte beklee die amp vir 'n tydperk van hoogstens **[drie]** vyf jaar soos in die aanstellingsbrief uiteengesit en mag by verstryking van daardie ampstermyn heraangestel word.

(4) Die Minister kan, na oorleg met die raad en te eniger tyd die hoof- uitvoerende beampte van daardie amp onthef—";

*(c)* deur subartikel (5) te skrap;

*(d)* deur subartikel (6)*(c)* te skrap;

*(e)* deur in subartikel (6) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* ooreenkomstig die **[Wet op Verslagdoening deur Publieke Entiteite, 1992 (Wet No. 93 van 1992)]** Wet op Openbare Finansiële Bestuur, ten opsigte van die aktiwiteite van die Reguleerder 'n verslag vir elke finansiële jaar opstel en aan die raad voorlê vir goedkeuring;";

*(f)* deur in subartikel (9) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* hierdie Wet, die **[Wet op Verslagdoening deur Publieke Entiteite, 1992]** Wet op Openbare Finansiële Bestuur, of enige ander wet;";

*(g)* deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

"(10) Indien die hoof- uitvoerende beampte weens enige rede nie in staat is om enige van sy of haar werksaamhede te verrig nie, moet die voorsitter van die raad 'n **[werknemer]** 'n personeellid van die Reguleerder aanstel om as hoof- uitvoerende beampte waar te neem totdat die hoof- uitvoerende beampte in staat is om daardie werksaamhede te hervat."; en

*(h)* deur subartikel (11) te skrap.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 47 van 1999**

**12.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (3), (4) en (6) te skrap.

**Wysiging van artikel 17 van Wet 47 van 1999**

**13.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"gelde betaal aan die Reguleerder ingevolge artikel 28 en boetes ingevolge artikel 52 opgelê;"; en

*(b)* deur subartikel (7) te skrap.

**Vervanging van artikel 18 van Wet 47 van 1999**

**14.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**18.** Die finansiële jaar van die Reguleerder is ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur".

**Wysiging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 47 van 1999**

**15.** Die opskrif van Hoofstuk 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**MAGTIGINGS**".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 47 van 1999**

**16.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Beperkings op sekere [handelinge] aktiwiteite**";

*(b)* deur subartikels (1), (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Geen persoon mag 'n kernfasiliteit aanlê, oprig, bedryf, ontsmet of buite diens stel behalwe op gesag van 'n kernlisensie nie.

(2) Geen persoon mag enige vooroprigtingsaktiwiteite sonder vooraf skriftelike toestemming van die Reguleerder verrig nie.

(3) No person may manufacture or cause to be manufactured component parts relating to nuclear and radiation safety as prescribed in the regulations except under the authority of an authorisation to manufacture or a nuclear licence.''; and

*(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsections:

''(4) No vessel, which is propelled by nuclear power or which has on board any fissile material or uranium hexafluoride may—

*(a)* anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
*(b)* enter or leave any port of the Republic,

except under the authority of a nuclear vessel licence issued by the Regulator.

(5) No vessel which has on board any radioactive material capable of causing nuclear damage, other than that listed in subsection 20(4) may—

*(a)* anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
*(b)* enter or leave any port of the Republic,

except under the authority of a certificate of registration.

(6) Notwithstanding the provisions of subsection (4) or (5), an authorisation holder, with a condition or conditions permitting such holder to transport radioactive materials, may cause such materials to be transported by a vessel under the authority of such authorisation without a nuclear vessel licence or a certificate of registration.

(7) No person may carry out any activity contemplated in section 2(1) except under an authorisation issued by the Regulator.

(8) No radioactively contaminated facility, equipment, machinery, scrap or land belonging to or in the control of the Republic's Defence Force may be released for civilian use, without the prior written permission of the Regulator.

(9) No person may undertake any technical service prescribed except under the authority of an authorisation issued by the Regulator.''.

**Substitution of section 21 of Act 47 of 1999**

**17.** The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Act:

''**Application for nuclear licence, nuclear site licence, nuclear vessel licence or regulatory evaluation of design**

**21.** (1) Any person wishing to construct, operate, decontaminate, or decommission a nuclear facility must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer for a nuclear licence and must furnish such information as the board requires.

(2) Any person wishing to obtain regulatory approval of site evaluation must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer for a nuclear site licence and must furnish such information as the board requires.

(3) Any person wishing to obtain regulatory evaluation of a design of a nuclear facility must apply in the prescribed form and manner to the chief executive officer and must furnish such information as the board requires.

(4) Any person, other than persons mentioned in section 20(5) and (6), wishing to—

*(a)* anchor or sojourn in the territorial waters of the Republic; or
*(b)* enter any port in the Republic, with a vessel which is propelled by nuclear power or which has on board any fissile material or uranium hexafluoride, must apply to the chief executive officer for a nuclear vessel licence and must furnish such information as the board requires.

(3) Geen persoon mag onderdele met betrekking tot kern- en stralingsveiligheid soos in die regulasies voorgeskryf, vervaardig of laat vervaardig behalwe op gesag van ’n magtiging om te vervaardig of ’n kernlisensie nie.”; en

*(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (3) in te voeg:

“(4) Geen vaartuig wat deur kernkrag aangedryf word of wat enige kloofbare materiaal of uraanheksafluoried aan boord het, mag—

*(a)* in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef nie; of

*(b)* enige hawe van die Republiek binnegaan of verlaat nie,

behalwe onder die gesag van ’n kernvaartuiglisensie uitgereik deur die Reguleerder.

(5) Geen vaartuig met enige radioaktiewe materiaal aan boord wat in staat is om kernskade te veroorsaak, behalwe dié wat in subartikel 20(4) gelys word, mag—

*(a)* in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef nie; of

*(b)* enige hawe van die Republiek binnegaan of verlaat nie,

behalwe op gesag van ’n registrasiesertifikaat.

(6) Ongeag die bepalings van subartikel (4) of (5), kan ’n magtigingshouer, met ’n voorwaarde of voorwaardes wat sodanige houer toelaat om radioaktiewe materiaal te vervoer, sodanige materiaal laat vervoer op ’n vaartuig op gesag van sodanige magtiging sonder ’n kernvaartuiglisensie of ’n registrasiesertifikaat.

(7) Geen persoon mag enige aktiwiteit beoog in artikel 2(1) uitvoer nie, behalwe kragtens ’n magtiging deur die Reguleerder uitgereik.

(8) Geen fasiliteit, toerusting, masjinerie, skroot of grond wat behoort aan of in beheer is van die Republiek se Weermag wat met radioaktiwiteit besmet is, mag vir burgerlike gebruik vrygestel word sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Reguleerder nie.

(9) Niemand mag enige voorgeskrewe tegniese diens onderneem nie, behalwe op gesag van ’n magtiging wat deur die Reguleerder uitgereik is.”.

**Vervanging van artikel 21 van Wet 47 van 1999**

**17.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Aansoek om kernlisensie, kernterreinlisensie, kernvaartuiglisensie of regulatoriese evaluasie van ontwerp**

**21.** (1) Enige persoon wat ’n kernfasiliteit wil oprig, bedryf, ontsmet of uit diens stel, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoof- uitvoerende beampte aansoek doen om ’n kernlisensie en moet die inligting verskaf wat die raad vereis.

(2) Enige persoon wat regulatoriese goedkeuring vanaf terreinevaluering wil verkry, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoof- uitvoerende beampte aansoek doen om ’n kernterreinlisensie en moet sodanige inligting verskaf wat die raad vereis.

(3) Enige persoon wat regulatoriese evaluering van ’n ontwerp van ’n kernfasiliteit wil verkry, moet op die voorgeskrewe vorm en wyse by die hoof- uitvoerende beampte aansoek doen en moet die inligting verskaf wat die raad vereis.

(4) Enige persoon, behalwe persone genoem in artikel 20(5) en (6), wat—

*(a)* in die territoriale waters van die Republiek anker gooi of vertoef; of

*(b)* enige hawe in die Republiek binnegaan, met ’n vaartuig wat deur kernkrag aangedryf word of wat enige kloofbare materiaal of uraanheksafluoried aan boord het, moet by die hoof- uitvoerende beampte aansoek doen om ’n kernvaartuiglisensie en moet die inligting verskaf wat die raad vereis.

(5) The chief executive officer must direct the applicant for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence to—

*(a)* serve a copy of the application upon—

(i) every municipality affected by the application; and

(ii) such other person as the chief executive officer may determine; and

*(b)* publish a copy of the application in the *Gazette* and two newspapers circulating in the area of every such municipality within 30 days.

(6)*(a)* A person who may be affected by the granting of a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence pursuant to an application in terms of subsection (1), (2) or (4), may make written representations to the board, relating to protection of persons, property, and the environment against nuclear or radiological damage connected with the application, within 90 days of the date of publication in the *Gazette* contemplated in subsection (5)*(b)*.

*(b)* If the board is of the opinion that further public representation is necessary, it must arrange for hearings relating to protection of persons, property and the environment against nuclear or radiological damage.

(7) Subject to the board's approval, the chief executive officer may—

*(a)* refuse an application for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence and must provide the applicant in writing with the reasons for the refusal; or

*(b)* grant an application for a nuclear licence, nuclear site licence or nuclear vessel licence subject to such conditions as may be determined in terms of section 23.

(8) In consideration of an application under section 20(1), the chief executive officer may conduct an examination in respect of the applicant concerned.

(9) An authorisation under this section shall be valid for the period stipulated in the conditions of authorisation.

(10) The authorisation may be renewed on the application in the prescribed form and manner before the prescribed time.''.

**Amendment of section 22 of Act 47 of 1999**

**18.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

``**Application for certificate of registration, [or] exemption, [for certain actions] authorisation to design or authorisation to manufacture**'';

*(b)* by the substitution for subsections (1) and (3) of the following subsections:

``(1) Any person wishing to engage in any **[action described in section 2(1)*(c)* may]** activity, not contemplated in section 21(1), (2), (3) or (4), must apply in the prescribed **[format]** form and manner to the chief executive officer for a certificate of registration **[or a]**, certificate of exemption, authorisation to design or authorisation to manufacture and must furnish such information as the board requires.

(3) The chief executive officer may, with the approval of the board—

*(a)* refuse to grant an application for a certificate of exemption **[or a]**, certificate of registration , authorisation to design or authorisation to manufacture made in terms of subsection (1) and must provide the applicant in writing with the reasons for the refusal; or

*(b)* issue—

(i) a certificate of registration, authorisation to design or authorisation to manufacture subject to such conditions as may be determined in terms of section 23; or

(5) Die hoof- uitvoerende beampte moet die aansoeker om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie gelas om—

*(a)* 'n afskrif van die aansoek te beteken aan—
  (i) elke munisipaliteit wat deur die aansoek geraak word; en
  (ii) sodanige ander persoon wat die hoof- uitvoerende beampte bepaal; en

*(b)* binne 30 dae 'n afskrif van die aansoek in die *Staatskoerant* en twee koerante wat in die gebied van elke sodanige munisipaliteit in omloop is, publiseer.

(6)*(a)* Iemand wat deur die toestaan van 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie kragtens 'n aansoek ingevolge subartikel (1), (2) of (4), geraak kan word, kan skriftelike vertoë aan die raad rig, met betrekking tot die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kern- of radiologiese skade wat met die aansoek verband hou, binne 90 dae vanaf die datum van publikasie in die *Staatskoerant* in subartikel (5)*(b)* beoog.

*(b)* Indien die raad van mening is dat verdere openbare verteenwoordiging nodig is, moet hy reël vir verhore met betrekking tot die beskerming van persone, eiendom en die omgewing teen kern- of radiologiese skade.

(7) Onderhewig aan die raad se goedkeuring, kan die hoof- uitvoerende beampte—

*(a)* 'n aansoek om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie weier en moet die aansoeker skriftelik van die redes vir die weiering voorsien; of

*(b)* 'n aansoek om 'n kernlisensie, kernterreinlisensie of kernvaartuiglisensie toestaan, onderworpe aan die voorwaardes wat ingevolge artikel 23 bepaal word.

(8) By die oorweging van 'n aansoek kragtens artikel 20(1), kan die hoof- uitvoerende beampte 'n ondersoek ten opsigte van die betrokke aansoeker doen.

(9) 'n Magtiging kragtens hierdie artikel is geldig vir die tydperk wat in die magtigingsvoorwaardes aangedui word.

(10) Die magtiging kan op die aansoek in die voorgeskrewe vorm en wyse voor die voorgeskrewe tyd hernu word.''.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 47 van 1999**

**18.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Aansoek om registrasiesertifikaat [of], vrystellingsertifikaat [vir sekere handelinge], ontwerpmagtiging of vervaardigingsmagtiging**'';

*(b)* deur subartikel (1) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:

''(1) Enige persoon wat betrokke wil raak by enige **[handeling omskryf in artikel 2(1)*(c)*]** aktiwiteit, wat nie in artikel 2(1), (2), (3) of (4) beoog word nie, kan by die hoof- uitvoerende beampte **[om 'n registrasie- of vrystellingsertifikaat]** op die voorgeskrewe vorm en wyse om 'n registrasiesertifikaat, vrystellingsertifikaat, ontwerpmagtiging of vervaardigingsmagtiging aansoek doen en moet die inligting verskaf wat die raad verlang.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte kan, met die goedkeuring van die raad—

*(a)* die toestaan van 'n aansoek om 'n **[vrystelling- of registrasiesertifikaat]** vrystellingsertifikaat, registrasiesertifikaat, ontwerpmagtiging of vervaardigingsmagtiging ingevolge subartikel (1) weier en moet die aansoeker skriftelik van die redes vir die weiering voorsien; of

*(b)* (i) 'n registrasiesertifikaat, ontwerpmagtiging of vervaardigingsmagtiging uitreik onderworpe aan sulke voorwaardes as wat ingevolge artikel 23 bepaal mag word; of

(ii) a certificate of exemption if satisfied that the **[action]** activity in question complies with the exemption criteria specified in the safety standard contemplated in section 36."; and

*(c)* by the insertion of subsections (4) and (5):

"(4) In consideration of an application under subsection (1), the chief executive officer may conduct an examination in respect of the applicant.

